

4 Junie

Skrifgedeelte: Johannes 16:5-15
Fokusgedeelte: Johannes 16:13

Die Trooster belof

Jesus weet wat alles vir sy volgelinge voorlê. Daarom rus Hy hulle toe. Al word alles om hulle donker vanweë die aanslag van die wêreld, moet hulle weet wie hulle is en waarheen hulle op pad is. Die grootste ramp wat hulle kan tref, is nie die dood nie, maar om afvallig te word (16:1). Vir oulaas trap Jesus diep woordspore – in hierdie spore moet hulle volg, voetjie vir voetjie die toekoms in. Wanneer die wêreld se aanslag op sy felste is, moet die dissipels die gawe van die Heilige Gees onthou én die nuwe opdrag om mekaar lief te hê. Die Gees stel Jesus se navolgers in staat om die nuwe opdrag sigbaar te gaan leef.

Hier is die enigste keer dat daar sprake is van 'n opdrag wat die Heilige Gees ten opsigte van die sondige wêreld het (Joh. 16:8-11). Die Voorspraak tree altyd teenoor die gemeente op as die Helper wat bystand verleen, in die geloof opbou, die harte van gelowiges met krag vul en vertroos, maar teenoor die wêreld tree Hy op as die Aanklaer wat oortuigend bewys dat die wêreld aan sonde skuldig is en onder die oordeel van God verkeer. Die sonde van die wêreld is dat hulle nie wil aanvaar dat Jesus die Seun van God is nie. Hy word as die enigste ware Verlosser verwerp. Jesus se dood en opstanding is vir sy kinders die triomf van God se verlossing, maar ook die klagstaat teen die wêreld. Ons kan net sinvol leef as Kopbeenkoppie en die leë graf deel van ons lewensuitkyk is.

Die dissipels en ook ons toekoms word deur die Heilige Gees gewaarborg. Die Gees sal hulle lei en Jesus verheerlik en verkondig (16:12-15). Die dissipels se toekoms word vir hulle al hoe opwindender, al is daar trane oor Jesus se weggaan. Die Gees van die waarheid sal oor God se waarheid, Jesus Christus, lopende kommentaar lewer. Hy vat elke navolger aan die hand en besiel en motiveer ons terwyl ons die bloedspoor van die lydende, maar oorwinnende Jesus volg.

Die Vader is ten nouste by die werk van Christus en van die Gees betrokke. Daar is geen verdeeldheid in die Drie-eenheid nie. Die Vader is die bron van alle dinge en Hy het alles aan die Seun meegedeel, en die Seun dra weer alles aan die Gees oor. "Alles" omvat die volle heilsopenbaring. Daar is dus geen ware, volledige openbaring van God behalwe dié wat deur Christus gegee en deur die Heilige Gees bekend gemaak is nie.

Word jy deur die Heilige Gees gelei? Indien jy sê "Ja!", dan beteken dit dat jy gehoorsaam is aan die wil van God, soos in sy Woord aan ons geopenbaar.

Sing: Skrifberyming 12-3:1, 2

Ds. HJJ Krüger (Bultfontein)